

13 Julie

“Hoe kan ’n gelowige dieselfde belange hê as ’n ongelowige?”

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14-18

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:15b

Die Korintiërs het maklik ’n ander Jesus aangeneem en ’n ander gees (2 Kor 11:4, 5). Daarom was dit so nodig vir Paulus om in hierdie gedeelte baie klem te lê op die noodsaak dat gelowiges nie met ongelowiges in belangrike kernverhoudinge in die lewe mag ingaan nie.

Dit gaan nie oor losse assosiasie of vriendskap nie. Jesus roep ons tog op om almal wat soekend en ver is, nader aan Hom te begelei! Dit gaan hier oor baie naby verhoudinge in jou lewe wat jǒú sleg kan beïnvloed. Hy gebruik hier woorde soos: dieselfde juk, vennootskap, gemeenskap, eenstemmigheid, dieselfde belange, ooreenkoms.

Hierby kan ons daarom ook insluit om getroud te wees. Daar is seker nie ’n nader verhouding waarin twee mense met mekaar kan lewe as om getroud te wees nie. Die afhanklikheid van twee getroudes op mekaar om mekaar te ondersteun, bemoedig, troos, en te vermaan, maak dit onmoontlik dat hulle mekaar so intiem kan dien sonder om op dieselfde fondasie te staan: geloof in Christus.

Dit is eers wanneer elkeen apart van mekaar self hul gebrokenheid voor God besef het en voor Christus buig om Hom dankbaar te dien, dat hulle voor mekaar gaan kan buig om mekaar te dien. Om hierdie rede sê Efesiërs 5:1 ook: Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. ’n Huwelik is seker die moeilikste, maar ook mees lonende verhouding tussen twee mense – mits albei voor dieselfde Here kniel vir krag en genade om mekaar te ondersteun en te dien! Dan het ons die beloftes van sy seën in vers 16 en 18 om na uit te sien!

Sing: Psalm 128:4 (1936-beryming)

Ds. Griffel van Wyk (Kaapstad)